

Pretoria- 15 Augustus 2010 (Vorbereiding)

**Skriflesing:** Esegiel 6

Teks: **Esegiel 6:11**

**Sing: SAMESANG- Ps 5:1,10**

**TYDENS EREDIENS- Ps 33:1,3; Ps 2:1,6; Ps 104:20,21; Ps 4:1,4**

Verlede week was ons opskrif- die dolerende profeet. Broeder en suster Vandag is dit asof ons amper by hierdie voorbereiding vir die Nagmaal die teenoorgestelde kan uitroep. Die uitbundige profeet- Hy kan sy hande saamslaan, hy kan sy voete stamp, werklik tekens van blydschap. Maar het u agtergekom, geliefdes, waarom is die profeet bly?! Dit moet ons mooi na kyk. Dit is nie dat Israel hulle bekeer het nie. Intendeel, waar Esegïel in hfst. 5 moes profeteer teen Jerusalem- Dit is Jerusalem (5:5), staan hy in hfst. 6 voor nog 'n groter landskap. Hy profeteer oor die hele land, oor die vlaktes heen, ja so groot word hierdie profesie dat die Here vir hom sê- *rig jou aangesig teen die berge van Israel en profeteer teen hulle...*(6:1).

Wanneer 'n klip in stilstaande water inplons dan kom daar sulke uitkringende rimpels. Vanaf die kern, daar waar die klip ingeval het, vandaar gebeur dit alles. Jerusalem is die kern, die staatkundig, polities-godsdienstige middelpunt van die land, maar die Here trek die grense van Sy oordeel wyer en wyer oop. Die topografie van Palestina bevat reekse en reekse berge wat oor die hele lengte van die land van noord na suid uitgestrek lê. Die berge, die heuwels, die klowe, die dale, nêrens sal die Here hom laat stilmaak nie. Al is Esegïel die banneling wat nou in die vlaktes van Babilon vasgekeer sit, daar waar nie berge is nie, word sy stem oor grense heen gedra. Berg op en berg af, ja sy gehoor is nie maar net daardie paar uitgeweke bannelinge daar saam met hom in die verre vreemde nie, maar die uiteindelijke gehoor is waar die Here met Israel praat wat in die kern van hulle godsdiens verrot geraak het en die verrotting het ook uitgekring.

Nou wys die Here die kern, die stad Jerusalem en die platteland van Israel sal aan die verwoesting oorgegee word. Let wel nie in dieselfde volgorde nie. In die stad was eerste die pes en die honger en dan word die swaard wat hulle sal aanval laaste genoem. Die profesie oor die platteland is dit eerste die swaard en daarna dan kom die honger en die pes. Dit bly dieselfde trio. Ja, selfs in Openbaring is die perde in hfst. 6 ook hierdie drie, hierdie trio, van oorlog (swaard- rooi perd), van honger (die swart perd- ekonomiese swaarkry) en dan die vaal perd, die dood, wat die pes saamdra. Hoe dit ook al sy die volk het nie ore nie. Hulle wil nie voorbereid wees op wat die Here vir hulle sê nie.

Dit is soos die profeet in die tyd van Jerobeam, dit het die profeet nie gehelp om met Jerobeam te probeer praat nie, daarom rig die profeet hom maar tot die altaar en word die altaar aangespreek. Hier rig die profeet hom tot die berge, die heuwels, die klowe en die dale want ore het die volk nie waarmee hulle wil luister nie. Berge het nou beter luisteraars as mense geword! Trouens Israel se grense word van alle kante deur hierdie reekse berge en klowe afgebaken en is die berge en klowe soos dit al die grense bevat ook die stille getuies van wat binne haar grense aan die gang is.

\*\*\*

Die Israeliete het met hulle valse godsdiens na die berge begin uitwyk, heidense natuurgodsdiens het op die bergkruine en heuweltoppe hulle sonpilare en afgodsbeeldjies opgerig, ja die kamtig manlike god Baäl met sy vroulike eweknie Astarte het aanleiding geword dat daar tussen die berge die mees uitspattige en sedelose seremonies plaasvind, want die gode van vrugbaarheid en voortplanting moet bevredig word. Die gode moet dan vir die mens ook meer vrugbaarheid stuur. Daar was geen keer in Israel om in hulle wellus al wat buitelandse afgod was Israel in te voer nie. Die

Pretoria- 15 Augustus 2010 (Voorbereiding)

velde, die berge, die heuwels alles was vervuil met hierdie heidense goed.

Israel het geglo vir hulle natuurlike welvaart moet hulle afgodery pleeg, maar die kersie op die koek was dat hulle gedink het as ons groot feeste kom (soos Nagmaal ook altyd vir ons 'n groot fees is) dan sal ons weer vir God offer. Die Here moet dit ook so aanvaar. Dan sal ons uit die berge na Jerusalem kan gaan en daar die Here dien, maar tussen die berge maak ons soos wat ons maar maak. Hier kry Baäl en al die ander gode ook hulle beurt en hulle altaartjies.

Allerhande ou plekkies word nou aan afgode gewy, maar as die Here sê – *Ek sal julle hoogtes vernietig* – dan gaan dit nie maar net oor die geografiese uitskiet punte nie, maar selfs daardie altare in die laagtes van die berge gebou, dit wat die mens as tipe van afgodiese hoogte vir homself opreg, dit sal vernietig word. In Lev.26:30 dan lees ons ook hoe dit wat vir die mens na 'n hoogte mag lyk, hoe die Here dit sal platvee- *En Ek sal julle hoogtes verwoes en julle sonpilare verdolg en julle lyke op die lyke van julle dreggode gooi; en my siel sal 'n afsku van julle hê...*

\*\*\*

Broeder en suster, hoekom die herhaling van die Here se straf, wat ons nou al vir ses hoofstukke in Esegïël elke keer net op 'n ander manier hoor. Baie van die dinge wat op 'n harde manier vir ons gesê word, baie dinge wat op 'n harde manier met Esegïël gebeur. Die Here wys in hierdie hoofstuk baie duidelik waarom dit gaan. Nie minder nie as 4X in hierdie één hoofstuk staan dit by herhaling. In vv.7,10,13 en vers 14 staan dieselfde uitdrukking elke keer- *...sodat julle kan weet dat Ek die HERE is...*In die hele Esegïël staan dit wel in hierdie hoofstuk die meeste geskrywe, maar dit is waar dit alles om gaan. Die Here maak Homself bekend deur sy daede in die geskiedenis. 'n Mens sal nie deur sielkunde of filosofie, deur allerhande selfondersoeke of mistiek, of wat ook al die Here ken nie. God se daede in die geskiedenis maak Hom bekend. Dit begin daarby, dit eindig daarby... By Nagmaal moet dit alleen ook handel om hierdie enkele feit- as die Here vir ons sê – *sodat julle kan weet dat Ek die Here is...*

\*\*\*

Geliefdes, ons het in hfst.5 waar die profeet doleer het, daar waar die profeet so hartseer was oor – *Dit is Jerusalem...*al kon hoor van die oorblyfsel wat eendag na al hierdie dinge wat Esegïël van praat sou kon terugkyk en sê – Ja, God is waarlik die Een wat is, wat Hy sê Hy is. As die Here dinge laat gebeur dan gaan dit nie soseer oor die dinge wat gebeur nie, maar dit gaan primêr oor dit wat by herhaling hier staan- *julle sal weet dat Ek die Here is.*

\*\*\*

Nou is die punt, broeder en suster, ons word geraak deur Esegïël wat vanoggend bly is. Verlede week het hy doleer, vandag klap hy hande, hy stamp sy voete, waarlik hy is uitbundig, hy is bly. Waaroor? Oor dit met hom en die volk nou beter gaan of dat dit lyk dit wel later beter sal gaan? Née- hoegenaamd nie! Met die volk sal dit nog slegter gaan, maar hoe kan hy dan bly wees?!

Weet u wanneer 'n mens God dinge sien doen en jy kom werklik agter waarom God presies doen wat Hy doen, dan kan daar geen groter blydschap wees as om dit raak te sien nie. Daar gebeur selfs slegte dinge, dinge so ingrypend in die volk se lewe, maar al hierdie dinge gebeur uitsluitlik net om één doel, nl. dat die mens kan weet, dat God die Here is, dan moet ek uitermate bly wees!

Die hoera wat uitgeroep word oor Israel se ondergang, dit kan op sekere maniere baie

Pretoria- 15 Augustus 2010 (Vorbereiding)

vreemd voorkom, maar broeder en suster luister ook maar na ander plekke in die Here se Woord. Psalm 104:35 is dalk 'n goeie voorbeeld. *Mag die sondaars omkom van die aarde en die goddelose mense nie meer wees nie! Loof die Here, o my siel! Halleluja!*

Hoe kry 'n mens dit reg sal baie dalk wil vra om na sulke verskriklike woorde halleluja uit te roep? Psalm 104 is ook 'n lied van die skepping, Esegïël profeteer ook oor die skepping heen, berge, dale, orals.... Dan eindig Ps. 104 uitermate vreugdevol, want die woord wat in die Hebreëse woordeskat die hoogste blydschap bevat is net een woord- HALLELUJA, maar die halleluja is geskryf oor wat direk hier vooraf staan. Die halleluja word uitgeroep omdat daar sondaars gaan omkom, die halleluja staan nog dieper, dit gaan oor die feit dat daar nie meer goddelose mense sal wees nie. Met dit in gedagte dan roep die digter uit- *Loof die Here, o my siel, Halleluja!*... Psalm 109 staan iets soortgelyk- vv 29-30: *Laat my teëstanders beklee word met smaad en hulle toedraai in hulle skande soos 'n mantel* Na hierdie harde toedraai van die vyand dan staan v.30- *Ek sal die Here hardop loof met my mond en onder baie sal Ek Hom prys...*Ja, geliefdes, ons kan werklik vra hoe kan Esegïël ook bly wees, hoe kan daar hande geklap word en met die voete gestamp word, in opdrag van die Here, v.11, juis die oomblikke wanneer dit gaan oor die diepe val van Israel.

\*\*\*

Daar kan net een rede wees en dit het Esegïël by herhaling gestel- *dat julle kan weet dat Ek die HERE is...* En as ons dit weet dan sal ons besef hierdie God wat die Here is, dat sy liefde het altyd met sy reg te make. Trouens werklike liefde vir Hom wat die Here is, sal werklik na die vervulling van reg hunker. As mense hulle nie wil bekeer nie, soos met die volk van Esegïël duidelik uitgemaak, dan is dit duidelik dat hulle op God se liefde trap. Die liefde van God soek altyd dat ek en my naaste moet terugkeer na die grondslag van die reg.

Wanneer iemand willens en wetens nie op wat reg is, wil staan nie, moet nie dan met liefde jousef bluf nie. Ware liefde is dit nie, want liefde het altyd met reg te make. Wie uitroep liefde, liefde, maar jy lewe wel so dat die grondslag van jou lewe nie uitbring dat God die Here is nie, jy begeer nie werklik die reg van God nie, dan is jy eintlik besig om te vloek. Wat is dit anders as om eintlik teen God te vloek as jy nie wil hoor wanneer God by herhaling sê – *dat julle kan weet dat Ek die Here is...*

Esegïël doen in hfst. 6 wat die ware kerk in Openbaring ook doen. As die siele onder die altare bid om wraak, dan roem die kerk dat Christus al sy en my vyande sal straf. Dit is die rede waarom ons Nagmaal kan vier. Christus sal sy vyande straf...Hoekom moet die kerk dan bly wees, hoekom juig Esegïël deur hande te klap en voete te stamp? Broeder en suster, dit is die manier waarop die Here sy reg handhaaf en waarop die Here verhoudinge sal herstel. Daar is geen ander manier nie.

As jy weet dat God die Here is, dan wil jy ook dat God se reg in alles voorop moet staan. As jy in die liefde van God wil groei, dit wat God altyd in sy liefde begeer, dan sal jy werklik haat al die dinge wat die liefde van God verag. Dan roep 'n mens saam met die digter uit *sal ek nie hulle haat, wat U haat nie en 'n afsku hê van die wat teen U opstaan nie...*Ps 139:22- *Ek haat hulle met 'n volkome haat; vyande is hulle vir my!*

Liefde vir God kan alleen werklik liefde wees, wanneer ek God se reg liefhet. So eindig dan ook die boek Openbaring- werklike geluk, werklike liefde, die ware Halleluja kan alleen weerklink wanneer ons ook in Op.22:14 lees- *Salig is die wat sy gebooie doen,*

Pretoria- 15 Augustus 2010 (Vorbereiding)

*sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte van die stad... Wie God se reg liefhet, sal ingaan, dit is wat Openbaring hier vir ons sê...selfs reg op die boom van die lewe. Liefde het altyd met reg te make. Buite die reg is daar nie liefde nie, Openbaring 22 staan in vers 15 – hulle wat nie reg op die boom van die lewe het nie, het nie liefde nie, hulle is eenvoudig nie lief vir God se reg nie, nie lief vir God se geboorte nie, hulle is daarbuite- en Openbaring sê – *Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodediens en elkeen wat leuens liefhet en doen....**

In Esegïel is dit die diepe besef, Israel het hulleself buite geplaas. Al hulle kamtige hoogtediens, het met die hoë God niks te make nie. Die Here sal hulle hoogtes vernietig. Moet nie die seën van die Here verwag as God nie werklik alleen vir jou die Here is nie. Israel het wel nog die Naam van die Here uitgeroep, maar hulle het geglo vir werklik sake moet hulle ook prakties wees, daarom ook al die ander ou altaartjies en afgode. Sinkretisme, 'n vermenging van godsdiens is vir die Here 'n gruwel. Nou nog moet ons dit besef. Dit is God se reg om alleen God te wees. Wie God buite daardie reg plaas, het hom buite die liefde vir God geplaas. Liefde en reg gaan altyd saam. Soos jou voete in hierdie lewe altyd op die grond geanker sal bly, so sal jou liefde vir God ook altyd in sy reg geanker moet bly. Daar is niks op hierdie aarde wat los staan van die reg van God nie. Mense wat hard kan wees dat alles tussen die kerkmure reg, vroom en ortodoks moet wees, maar dat besigheid en politiek uitgesluit moet word, hoe verkeerd is dit, kamtig so vroom!

Mense wat 'n deel van hulle lewe aan die bedrieglike besigheidswêreld en afgesonder die vuil politiek beskou, waarmee is hulle regtig besig? Hulle beskou sekere dele van hulle as kamtig konkreet en prakties, wat met hulle godsdiens niks te make het nie. Mense wat dink hulle welvaart kan los van Christus staan. So werk dit nie. So sal ons ons ook nie kan voorberei vir die Nagmaal nie. So asof Christus net na die tempel gestuur was en nie na die wêreld nie. Hoe anders staan dit dan in die bekende Johannes-gedeelte, nie hoe lief God sy tempel gehad het nie, intendeel...*Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy Eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê....*

Watter groot fout om te dink Christus laat Hom in die tempels opsluit wat mense met hulle hande maak. Daar is geen duimbreedte grond wat nie aan God behoort nie. Ons moet ophou om hokkie-vakkie mense te wees! God het oor die hele Israel, verby die laagtes, oor die berge, tot weer anderkant die vêrste berge, vir Esegïel *gesê- rig jou aangesig teen die berge...profeteer teen hulle...en dit wat alles vir die berge gesê moet word, is wat ons vandag ook moet besef, dat julle kan weet dat Ek die Here is.*

Dit is God se reg om dit te wees, die Here gee ons hierdie wonderlike reg om dit te mag weet. As daar in ons land ook oor al die berge, so vêr soos die grense van ons land, die geweldige probleme en krisis hierdie land ons oortrek, dink ons nog werklik daaraan, waarmee is ons besig. Met God se reg, of menseregte! Die eerste sal wel die tweede insluit, dit is só belangrik, maar wie menseregte voorop stel, het reeds God se reg buite geplaas. Daar waar Openbaring sê die honde is. God laat Hom nie soos 'n hond benader nie! Dit is wat Israel begin doen het. 'n Vryfie op die kop en paar mooi woorde, daar in Jerusalem, dan moet die hond maar weer sy stert begin swaai, al was daar soveel verkeerde dinge wat tussen die berge gebeur het. Met dit in gedagte, God laat Hom nie so behandel nie! Hy wat by herhaling sê - *dat julle kan weet dat Ek die*

Pretoria- 15 Augustus 2010 (Voorbereiding)

*Here is...*

\*\*\*

Laat ons Nagmaal vier, welbewus dat God die HERE is. Kom dan na sy tafel, dien Hom alleen. Wees klein in die besef hoe groot die Here se straf kan wees wanneer mense God met ander gode gelykstel. Wees bly as u besef God laat Hom nie verkleiner nie. Sy liefde is sy reg. As ek dan oor die heidene hulle straf aankondig, dan mag ek selfs daarin bly wees, want wanneer ons Nagmaal vier verkondig ons die dood van die Here totdat Hy kom, maar hierdie verkondiging bevat in werklikheid die reg op die lewe, want Christus het die dood oorwin. Ek kan nou by die Nagmaal God se reg verkondig totdat Hy kom. Ek wat oor sekere dinge doleer, maar die dinge waaroor ons nog altyd bly mag wees, is baie meer as wat die dolerende dinge is. Ek kan oor die Nagmaal bly wees, ek mag dit volgende Sondag vier. Ek mag bly wees oor die verkiesing van God, God wat Esegïel beveel om daardie oorblyfsel, daardie bietjie hare in die soom van sy kleed weg te lê. Daaroor is ons bly. Daar is redding moontlik! Wees bly in die besef al lyk die heidene hoe sterk hulle sal nooit finaal oorwin nie. Die oordeel is reeds oor hulle uitgespreek. Hulle sal nie wegkom nie.

Om voorberei Nagmaal te vier is om die dinge in jou eie lewe raak te sien, wat jy weet jou voor die Here aankla. Ons kom na sy tafel met die besef dat ek weet die God wat met my praat, dat Hy die Here is. Ons vier in Hom die Nagmaal. Ons kan bly wees oor so baie dinge!

AMEN